HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 01 van 2026

15 Januarie 2026

Geagte Randjie-tennisouer/-voog,

Ons wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om die graad 8's van 2026 en hul ouers te verwelkom. Ons is baie opgewonde om julle deel van die Randjie-tennisfamilie te hê. Met hierdie brief wil ons die planne vir 2026 en ander inligting met u deel.

Whatsapp-groepe

Vir vinnige en effektiewe kommunikasie maak ons van *Whatsapp*-groepe gebruik. Die skakels vir die groepe is soos volg:

Seunstennis	https://bit.ly/RBHSSeunsTennis
Dogterstennis	https://bit.ly/RBHSDogtersTennis
Seunstennis-ouers	https://bit.ly/SeunsOuers
Dogterstennis-ouers	https://bit.ly/DogtersOuers

Wedstrydklere

Alle skooltennisklere word van *XCo* bestel. Die dogters speel in dieselfde klere as die hokkie en netbal, wat by Constantia te koop is. Daar is 'n wit ster-hemp en vlootblou *skort* asook 'n blou ster-hemp en wit *skort*, waarmee hulle aan toernooie deelneem. Dit kan bestel word deur die skakel hieronder te gebruik.

Die seuns het drie hemde waarmee hulle speel. Die blou ster-hemp word regdeur die jaar deur almal gedra. Die wit broek word saam met die blou hemp gedra. Die wit broek is by Constantia te koop. Die top ses seuns speel met die wit ster-hemp en blou broek. Die derde hemp is 'n wit hemp met blou strepe op die skouers en 'n goue kraag wat vir toere gebruik word.

Al hierdie klere, uitsluitend die wit broek, kan bestel word deur die skakel hieronder te gebruik.

Skakel om klere te bestel: https://bit.ly/RBHSTK

Betalings kan in die skool se rekening gemaak word:

ABSA BANK
Rekeninghouer: Hoërskool Randburg
Rekeningnommer: 170 680 065
Takkode: 632005
Verwysing: STK, leerderkode en met kind se naam (bv. STK,12345,Jannie)

Oefening

Die skool het twee afrigters, Merisa Steyn (dogters) en Kevin Gibson (seuns), wat vir die skool se tennisafrigting verantwoordelik is. Omdat dit spesialis-afrigting is, is daar 'n fooi van R500 per speler, per kwartaal betaalbaar. Oefening is vir alle spelers verpligtend. Oefening vind soos volg plaas:

Seuns:	Dinsdae	06:00 – 07:00	Jan. – Mrt. en Okt.
	Dinsdae	06:15 – 07:15	Jul. – Sept.
Dogters:	Woensdae	06:00 – 07:00	Jan. – Mrt. en Okt.
	Woensdae	06:15 – 07:15	Jul. – Sept.

Die bedrag kan direk in die skool se rekening betaal word:

ABSA BANK
Rekeninghouer: Hoërskool Randburg
Rekeningnommer: 170 680 065
Takkode: 632005
Verwysing: TAR, leerderkode en met kind se naam (bv. TAR,12345,Jannie)

Toere

Ons neem voorlopig hierdie jaar aan die volgende toernooie deel:

1. ATKV Buffelspoort Tennistoernooi
2. ATKV Buffelspoort Prestige Tennistoernooi
3. *Limodo* Voortrekker Hoërskool Bethlehem Tennistoernooi
4. *St Anne's Invitational Doubles Tournament*

Die top twaalf seuns en top ses dogters neem aan die toere deel. Toerspanne word gekies deur uitspele te hou – leerders skryf in om te gaan toer. Gebruik hierdie skakel om vir die uitspele in te skryf: https://bit.ly/RBHSToeruitspele

Toer	ATKV Buffelspoort	ATKV Buffelspoort Prestige	Limodo Bethlehem Toernooi	*St Anne's Invitational*
Datums	31 Jul – 2 Aug	14 – 16 Aug	3 – 5 Sept	24 – 27 Sept
Spelers	Nr 9 - 12 seuns Top 4 dogters	Top 8 seuns	Top 9 seuns Top 5 dogters	Top 6 seuns Top 6 dogters
Ingesluit by prys	• Toernooi koste • Verblyf vir die Vrydag en Saterdag by ATKV Buffelspoort • Ontbyt en aandete • Vervoerkoste	• Toernooi koste • Verblyf vir die Vrydag en Saterdag by ATKV Buffelspoort • Ontbyt en aandete • Vervoerkoste	• Toernooi koste • Verblyf vir drie aande in 'n gastehuis • Ontbyt, middagetes en aandetes • Vervoerkoste	• Toernooi koste • Verblyf vir die hele toer in 'n koshuis • Ontbyt, middagetes en aandetes • Vervoerkoste
Prys	R3 400	R3 400	R4 330	R5 500
Paaiement	5 x R680	5 x R680	6 x R722	6 x R920
1ste paaiement	30 Jan 2026	30 Jan 2026	28 Feb 2026	31 Mrt 2026
50% deposito	27 Mrt 2026	27 Mrt 2026	12 Jun 2026	19 Jun 2026
Laaste betaling	12 Jun 2026	12 Jun 2026	21 Aug 2026	21 Aug 2026
Verwysingskode	ABT	ABPT	BTT	HTT

Gebruik asseblief die skakel hieronder om te stem vir die toere waarvoor ons in 2026 moet inskryf.
https://bit.ly/TennisToere2026

As u solank vir die toere wil begin betaal, kan u vanaf Januarie die paaiemente betaal. Indien u kind dan nie een van die toerspelers is nie, sal die geld na u skoolfonds oorgeplaas word of aan u terugbetaal word.

Die bedrag kan direk in die skool se rekening betaal word:

ABSA BANK
Rekeninghouer: Hoërskool Randburg
Rekeningnommer: 170 680 065
Takkode: 632005
Verwysing: ABT, leerderkode en met kind se naam (bv. ABT,12345,Jannie)

Bewys van betaling moet asseblief na tennis@hsrandburg.co.za gestuur word. Betalings vir die toere moet asseblief apart gemaak word.

Indien daar enige navrae is, kan u Sanmarie de Kock by tennis@hsrandburg.co.za kontak.

Vriendelike Randjiegroete

S. de Kock
Tennisorganiseerder

P. Booysen
Skoolhoof